

Personeelkamer Opening

98. Die mure van Jerigo

Die Here praat met Josua en Hy gee hom 'n opdrag. Ek glo Hy het vir Josua gesê, kyk Josua, ek sien jou groot probleem. Jou vyand is omring deur 'n hoë muur, en my volk kan nie in die stad kom om dit in te neem nie. Josua hier is wat Ek wil hê jy moet doen.

Jy moet jou krygsmanne neem en julle moet om die muur trek, een keer 'n dag vir 6 dae.

Elke dag een keer maar op die sewende dag moet die priesters met die ramshorings voor die ark loop en dan moet julle sewe keer om die muur stap. Niemand van die volk mag iets sê nie, en wanneer Josua sê skree, dan moet almal skree en die mure van die stad sal inval.

Die Here gee die opdrag en dag een begin die volk om die muur stap. Hulle mag nie praat nie, want as die Here ons 'n opdrag gee dan wil ons dit mos eers onder mekaar bespreek. Die fynere detail bespreek en 'n paar gedagtes rondgooi. Al die negatiewe opinies word gelug, en op die ou end besluit ons self, nee dis onprakties, dit kan nie werk nie, kom ons los dit maar.

Die tweede dag stap hulle weer, maar niks gebeur nie. Doodse stilte, maar ek glo die gedagtes werk oortyd.

Die derde dag stap hulle weer. Ek dink as hulle toegelaat was om te praat sou die boukontrakteurs onder hulle gesê het, ouens daar is nie eers 'n krakie so groot soos 'n duim in hierdie muur nie! Ons weet darem nie. Die muur is solied. Doodse stilte verder.

Die vierde, die vyfde dag dieselfde. Nie eers 'n los baksteen nie. 'n Los stukkie pleister of 'n los baksteen sou hulle dalk al moed gegee het. Kyk ouens dis besig om te werk, maar niks nie, absoluut niks nie, net voetstappe en verder doodse stilte!

En toe gebeur die sesde dag. Hulle moes sewe keer stap.

Eerste keer, niks, tweede keer en die derde en die vierde en die vyfde keer! Ek dink die voete het al begin sleep en die moed was in die skoene. Baie energie gebruik! Die sesde keer, en toe met groot verwagting begin hulle die sewende keer stap.

Ai mense dis hopeloos! By nou al moes ons darem 'n teken van verkrummeling begin sien het!

En toe voltooi hulle daardie sewende stap.....

En ons weet die mure het geval, want ons het dit al oor en oor gelees.

Toepassing:

Is dit nie dieselfde met ons geestelike lewe nie? Die Here sê hou aan bid, en ons bid dag een, en dag twee en miskien dag drie, dan kyk ons op en ons sê, Ag nee Here, hier gebeur niks nie.

Ek bid vir finansies.... niks...

Ek bid vir my rebelse kinders.... niks gebeur....intendeel hulle raak by die dag al hoe erger.

Ek bid vir my siekte toestand... niks gebeur..... Die pye vreet aan my Here...U het gesê bid en ek bid en Here dis al vier en vyf dae en nog niks het gebeur nie.

Die Here het gesê ses keer..... Josua al gebeur daar niks nie!

Dit voel asof jy glad nie vordering maak nie. Bly loop en as dit lyk asof niks gebeur nie, loop in die geloof.

Is jy bereid om God se wil te doen en Hom te gehoorsaam al lyk dit asof niks werk nie. Jy loop en jy bid maar nie eers 'n los baksteen om jou te motiveer nie.

Nie eers 'n effense krakie om jou gerus te stel nie...Niks maar niks...net stilte.

Maar jy vergeet God het gesê op die sesde dag sewe keer en dan op Josua se bevel skree die Hele volk en die mure val op die plek inmekaar.

Vat God se beloftes vas en begin om die mure in jou lewe stap, een keer twee keer, drie keer, hou op om vir los bakstene en krake te soek!!

Loop Loop Loop, bid bid bid en al gebeur niks en al voel jy jy vorder nie: loop loop loop en bid bid bid.

En dan hef jy die oorlogskreet aan, en jy skree so hard as jy kan!

MY GOD LEWE!

EK IS MEER AS N OORWINNAAR!

Hef vandag jou oorwinnings kreet aan:

ONS GOD LEEF!

ONS GOD HET NOG NOOIT VERANDER NIE!

ONS GOD GEE DIE OORWINNING IN ONS HAND!

En in die geloof sien ons hoe val die mure van siekte, van sonde, van verslawing, van haat en nyd, van onvergewings gesindheid, van finansiële probleme.

Ons sien hoe val die mure van mismoedigheid en depressie, van geweld, van rebelsheid.

Moenie ophou bid omdat dinge nie dadelik gebeur, en jy nie tekens van 'vordering' sien nie!

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.

